Publication: Rapport Port Elizabeth
Title: Karoodorp dors nou na boeke
Page: 10
Publish Date: 12 December 2021
Author: Julian Jansen

Karoodorp dors nou na boeke

Elf jaar gelede is reisigers deur die Karoo gevra om bottels water in die droë Beaufort-Wes af te lewer. Nou is die versoek: "Bring asseblief boeke."

Ricky Prins, 'n onderwyser by die Hoërskool Bastiaanse, het die Atterbury-trust in Pretoria se hulp gevra omdat sy leerlinge se leesvaardighede nie op peil is nie.

Die trust het reeds talle leerlinge van die gebied gehelp met studiebeurse by die Universiteit Stellenbosch.

Zahn Hulme, die trust se bemarker, het met die idee vorendag gekom om mense wat deur die dorp ry te vra om boeke te bring.

"As mense Afrikaanse of ander boeke in hul huis het wat reeds gelees is, of wat hulle wil skenk om plek te maak vir jou nuwe versameling leesstof, kan julle help. So, op pad Kaap toe, of terug, maak seker u lewer 'n paar boeke af en gee só die gawe van lees, want ons weet u gee ook om."

Prins sê: "Ons soek veral Afrikaanse boeke, aangesien ons medium van onderrig Afrikaans is. Die skool wil die liefde vir lees in die kind bewerkstellig dat lees weer 'n stokperdjie raak."

■ **Boeke kan tussen 09:00 en 16:30 by die museum by Donkinstraat 87 (die hoofstraat) afgegee word. Vir aflewering buite dié tyd skakel Vuyiseka by 071 285 5804.**

– Julian Jansen

The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.